!Kheis
Munisipaliteit
Municipality

VAKATURES: OUDITKOMITEE (03 LEDE)

Vereistes:
Daar word van kandidate verwag om een of meer van die volgende kwalifikasies te hê: Geserfiseerde Rekenmeester; Gesertifiseerde Interne Ouditeur (CIA); LLB; Gegradueerde in Risikobestuur; Gegradueerde in Prestasiebestuur.

Vergoeding:
Vergoeding word vasgestel op R1500.00 per sitting. Tariewe word op 1 Julie van elke finansiële jaar hersien, gebaseer op tarief verhogings soos deur die Raad goedgekeur.

Pligte:
Die belangrikste pligte van die Ouditkomitee is gelys in artikel 166 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, No 56 van 2003, wat onder andere die volgende insluit:

•Bedien die Munisipale Raad, Munisipale Bestuurder en die senior bestuur van raad, ten opsigte van die volgende: Interne finansiële beheer, interne oudit, risikobestuur, rekeningkundige beleid, voldoening en akkuraatheid van finansiële verslae en inligting, korporatiewe bestuur, nakoming van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur asook alle toepaslike munisipale regulasies en beleide, stelsels en raamwerke vir prestasiebestuur en enige ander pligte wat die Munisipaliteit na die komitee mag verwys.
•Vervul 'n oorsigrol ten opsigte van die munisipaliteit se finansiële state, ten einde die Raad by te staan in die handhawing van die sinvolheid en akkuraatheid van die inligting, vervat in die jaarlikse finansiële state.
•Verslagdoening aan die Raad met betrekking tot enige aangeleentheid uitgewys deur die Ouditeur-Generaal.
•Hantering van ondersoeke na die munisipaliteit se finansiële sake.
•Hantering van enige ander funksies soos deur die Raad opgedra.

Nota: Neem asseblief kennis dat u aansoek doen om te dien in die Ouditkomitee en nie vir 'n vakante posisie binne die Munisipaliteit nie. Suksesvolle kandidate sal dien in die Ouditkomitee tot 30 Junie 2017. 'n Lid mag vir 'n maksimum van twee termyne aangestel word. Aansoekers moet van binne die Noord-Kaap geografiese gebied wees en daar sal voorkeur gegee word aan aansoekers woonagtig in die nabyheid van die hoofkantoor van !Kheis Munisipaliteit. Aansoekers moet in staat wees om hul tyd en energie beskikbaar te stel ter uitvoering van hul werksaamhede as lede van die Ouditkomitee.
Belangstellende persone word genooi om hul aansoeke, vergesel van 'n CV van 5 bladsye of minder, asook 'n dekbrief, in te dien. Gewaarmerkte afskrifte van u hoogste kwalifikasies moet u aansoek vergesel. Aansoeke moet gerig word aan die Munisipale Bestuurder, !Kheis Munisipaliteit, Privaatsak X2 Groblershoop, 8850, of per hand afgelewer word by Oranjestraat 97, Groblershoop, 8850.
Vir navrae kontak die Interne Oudit Klerk, Mej Venicia Koopman by (054) 833 9500.
Sluitingsdatum: 29 April 2016
Mev H.T Scheepers
Munisipale Bestuurder
!Kheis Munisipaliteit